


# Katjie-Kapperjolle 1



***Liewe Rooikat-Ouers van 2025***

***Ons loer gou in, want dis amper tyd om te begin!***

Baie welkom by Laerskool Constantiapark se Graad R-Sentrum! Hierdie is die eerste uitgawe van ons Katjie-Kapperjolle, 'n nuusbrief spesiaal vir ons nuwe ouers, RooiKatjies en RooiSkatjies van 2025.

Ons deel graag van nou af die nuwe wêreld, sodat almal Januarie veilig, vrolik en vol entoesiasme kan begin! Ons vertel in elke Katjie-Kapperjolle so bietjie-bietjie van ons Graad R-Sentrum sodat elke RooiKat en RooiSkat kan saam droom en mamma- en pappaharte rustig kan klop soos ons die Rooikat-kapperjolle van Graad R en Graad RR deel!

Ons Graad R-Sentrum bestaan uit die Graad R-klasse en ook Rooikatland, ons Graad RR-klasse. As ons gesels oor die Rooikat-Sentrum verwys ons na Graad R en Graad RR.

Die Amerikaner, Paul Brandt, het gevra: " If the sky is the limit, why are there footprints on the moon?" en daarom woeker ons speel-speel sodat elke RooiKat en RooiSkat uiteindelik hulle spoortjies op die maan kan gaan trap! Ons aanslag is om nuut en buite die boks te dink oor dit wat voorgeskrewe bokslyne het, sodat ons ons maatjies altyd en oral toerus vir meer en dieper spore op die maan. Ons wys graag in die volgende uitgawes hoe maak ons die maan ons speelplek!

Geniet elke oomblik van die nuwe avontuur en ontdek saam met u Rooikat van 2025 aan die nuwe katteparadys!

***Rooikat-groete***

**Annieka Moolman**

**ADJUNKHOOF: AKADEMIE EN KOMMUNIKASIE**



# HAAI, JY!

## KYK WIE WAG VIR JOU BY

# INLOERDAG














# Hóé gebeur die wát?



**Om te voel en te vat aan alles en nog wat , is die lekkerste lekker vir elke vingertjie aan 'n hand! Hoe sal ons weet , as ons nie waag en bietjie voel en vat nie?**





## EINDE SEPTEMBER:

- Ons verwerk inskrywings.

## VANAF 10 OKTOBER NA ONS KORT VAKANSIE:

- Indeel van klasse vir 2025.

  Rooikatjies is dan ingedeel in klasse en elke gesin kry 'n e-pos met die inligting oor in wie se klas ons nuwe Rooikatjie in 2025 is, asook 'n elektroniese skakel waarmee elke Rooikat-gesin 'n spesifieke tydjie kan bespreek vir hulle kuiertjie by Juffrou op 24 Oktober.

## 24 OKTOBER:

- Inloerdag vir 2025

  Ons Rooikat-gesinne kom kuier in elke nuwe RooiKat en RooiSkat se klas van Januarie. Julle ontmoet vir Juffrou en ons maatjie kry kans vir loer na die klas en in Juffrou se ogies. Juffrou deel inligting en ons nuwe maatjies voel hoe sit sy of haar nuwe skoolstoeltjie.

  Uitstallers met tasse en skryfbehoeftes en alles wat nodig is, is ook in plek voor die klassies op ons Graad R-Sentrum se kuierarea.

  Ons maatjies kan ook nog bietjie speel in die speelterrein, terwyl Mamma en Pappa al die inligting versamel.

## NOVEMBER:

- Lees stories en tel slapies tot die Rooikat-skool sy deure oopgooi vir 2025.

## DESEMBER:

- Briefies vir Kersvader en droom oor die Rooikatte. Oupa en Ouma hoor solank elke Rooikat-storie van hoe lyk die klas en juffrou en waar hulle oral wil speel.

## Aanvangsfooie vir 2025

Skoolgeld vir 2025 word eers op die Algemene Jaarvergadering in Oktober vasgestel.

Aanvangsfooie is die eerste bedrag skoolgeld vir 2025 en betaalbaar teen einde November.

Skoolgeld word eers vanaf Februarie tot Desember betaal.

**Aanvangsfooi/ Kurrikulumfooi vir Gr. RR-7:** R 2000.

**Aanvangsfooi vir Graad R-Sentrum** se **Naskool:** R1350.

## WIE OM DADELIK TE KEN!



**Bestuurshoof: Graad R-Sentrum**

Me. Ilse Oosthuizen
ilse.oosthuizen@lscp.co.za

(Departementshoof:

Graad RR-1)



**Ontvangs en Administrasie: Graad R-Sentrum**

Me. Michelle Talma
graadradmin@lscp.co.za



**SPEEL IS ONS WERK, MAAR ONS WERK NOOIT ALLEEN NIE!**



# DIS TYD VIR BOEKWURMDAG!



Elke jaar in September hou ons Boekwurmdag saam met ons Grondslagfase. Mamma, Pappa en hulle RooiKat of RooiSkat kry dan kans om sommer op 'n piekniekkombers 'n gunsteling-boekie saam te lees voor werkstyd.




## ONS LEES SELF EN DR. DEY LEES ÓÓK VIR ONS!







## LEES IS 'N FEES!



# BOEKWURMDAG

## Elke Rooikat van graad RR tot 3 het 'n veer ingekleur vir die mooi vlerke, waarmee ons met ons stories vlieg!







IN POUSE LEES ONS SOOS JUF-FROU BOEKIES VOOR VIR AL DIE MAATJIES AL KAN ONS SELF NOG NIE LEES NIE, MAAR ALMAL SIT STEEDS VASGENAEL.

*CAPTAIN AMERICA* EN SY PRINSES OP KOERS OM DIE WÊRELD TE RED!

ONS JUFFIES IS OOK KARAKTERS UIT BOEKE!



ALMAL LEES SAAM 'N STORIE OP VROLIKE VRYDAG!







EN HIER IS 'N PAPPA MET BESONDERE WAAGMOE





GRAAD 1 TOT 3 NEEM ELKE 2 WEKE 'N EIE BOEK BY DIE MEDIASEN-TRUM UIT.





LEES-TELEFOONTJIES MAAK LUISTER LEKKER!



OP BOEKWURMDAG KAN MAMMA EN PAP-PA SAAMLEES!




OP SPESIALE DAE KAN ONS IN ONS HANGMATTE ONS GUNSTELINGBOEKIE SO SWAAI-SWAAI LEES!

LEESTYD IS SPESIALE TYD!









## AS DIE SONNETJIE SKYN, SPEEL ROOIKATJIES IN ONS SPEELTUIN!







**Winter kwyn en die son begin weer skyn! Dan speel ons met kale tone en ons waterbote in ons speeltuin.**

# ONS DRA KAMMA-KAMMA SKOOLDRAG

### Koop ons Graad R– en RR- Skooldrag hier...

Ons Graad R-Sentrum dra *kamma-kamma* skooldrag en dit kan gekoop word by:

*Constantia–Uitrusters*


*Mendelssohnstraat 469*

*Constantiapark*

## ONS HET OOK 'N ROOIKAT-KLEREWINKEL

**By die Rooikat-Klerewinkel koop ons sportdrag en ondersteunersdrag en tweedehandse skooldrag. Die winkel is by die Lilkenstraat-ingang by die deurlooppad se hek (ons praat van *George-se-hek*, omdat die sekuriteitsman by die hek se naam *George* is en hy al ons kinders altyd oppas van vroeg tot laat!)**



# KREATIWITEIT IS ... INTELLIGENSIE WAT PRET HET!















**Ons kan die wonderlikste dinge regkry as klasgroottes 20 is, want Juffrou kan aan elke handjie vat en vorm !**



# ROOIKAT-HERINNERING

## *VIR DIE YSKAS*

